# DIE SKIETLOOD

248e Uitgawe 13 Maart 2026

saam met Koersvas 248

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**DIE TWEEDE DEEL:**
**DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)**
**Sondag 5**
**Teks**
**Vraag 13: Kan ons deur onsself betaal?**

**Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter** (*Job 9:2 "Waarlik, ek weet dat dit so is; en hoe kan 'n mens regverdig wees by God?"; Job 15:15,16 "Kyk, in sy heiliges stel Hy geen vertroue nie; ja, die hemele is nie rein in sy oë nie, hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water!", Job 4:18,19 "Kyk, in sy dienaars stel Hy geen vertroue nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling. Hoeveel meer by hulle wat kleihuise bewoon, van wie die grondslag in die stof is, wat fyngedruk word soos 'n mot." Psalm 130:3 "As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?"; Matteus 6:12 "en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; "; Matteus 18:25 " En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word."; Matteus 16:26 "Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel*?).

**Kommentaar: Vraag**
Die vraag na die 'hoe' van verlossing is in Vraag en Antwoord 12 bespreek. Dit bring ons dan by die vraag wie vir die prys vir verlossing betaal; onsself of (iets/iemand) anders? Indien nie deur onsself nie, is die vraag na die aard van die 'anders'. Indien dit 'n ander skepsel is, moet na die aard van daardie skepsel gevra word. Indien die middelaar(s) iets anders is, moet die aard van die bemiddeling ondersoek word. Die eerste vraag moet eers aan die orde kom; kan ons uit onsself hierdie prys vir verlossing betaal?

**Kommentaar: Antwoord**
Een saak staan soos 'n paal bo water. Uit onsself is ons nie by magte om daardie versoening te bewerkstellig nie. Nóg deur verdienste, nóg deur straf.

Die goeie wat ons elke dag doen, is die gevolg van gehoorsaamheid aan God se gebooie. Ons kan nie 'n enkele daad laat opstapel as oorvloedige goeie daad wat iets van gister of eergister kan afbetaal nie. Die goeie wat ons elke dag doen en selfs die oorvloedig goeie kan net gesien word as dade van gehoorsaamheid. Ons kan nie terugskouend selfs nie 'n dubbele meriete afskryf teen 'n sonde van die verlede nie.

Die situasie is erger as dit. Die Kategismus maak dit duidelik dat ons daagliks by ons skuld voeg. Nie eens ons volgehoue toewyding kan maak dat ons 'n enkele dag afsluit sonder dat ons skuld voor God vermeerder het nie. Dit werk so: enige goeie daad is gehoorsaamheid, elke oortreding is sonde en skuld. Die twee kan nie teen mekaar afgespeel word nie omdat die goeie onder die hofie van gehoorsaamheid staan en nie verdienste nie. Hierdie gebrek aan

verdienstes en groei van ons skuld maak dit vir ons onmoontlik om uit eie verdienste sondeskuld te betaal.

Aan die ander kant kan ons nie versoening bewerkstellig deur straf nie. Die straf moet proporsioneel wees tot die sonde. Sonde se las is ewig-groeiend. Ons oortree teen die Ewige en ons ewig-groeiende sonde eskaleer daagliks; daarom moet die straf ewig wees, of gelykstaande daaraan wees.
Indien die straf vir die sonde ewig moet wees uit die aard van sonde, beteken dit dat ons in ewigheid nie kan betaal nie, dat ons ewig gaan afbetaal sonder hoop op enige einde. Dan kan ons nie van die straf bevry word nie.

Ons kan nie aan die perfekte geregtigheid voldoen nie. Ons situasie is hopeloos. Ons sondige natuur maak dit onmoontlik om die ewige straf as prys ten volle af te betaal. Daarmee saam is dit onmoontlik om 'n tydgebonde straf te verduur wat gelykstaande is aan die ewige straf. Die opeenstapeling van die ewige straf sal dit onmoontlik maak vir enige skepsel om met verloop van korter tyd daardie sware straf te oorleef.

Ons kan nie deur gehoorsaamheid - of deur straf - aan die eise van die Wet voldoen nie. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat ons nie uit onsself sal kan betaal nie. Ons het iemand anders nodig om hierdie verlossing te bewerkstellig.

Dit is net Christus wat in Sy wese en bestaan aan die eise van die Wet kan voldoen, beide deur gehoorsaamheid en straf.

Enige beswaar dat dit nie moontlik is dat iemand anders namens die oortreder gestraf word nie, ken nie die wet nie en ook nie die Evangelie nie. Dit is moontlik om namens iemand anders 'n boete te betaal.

Vraag en Antwoord 14 gaan vra na die ander van hierdie ander skepsel en Vraag en Antwoord 15 sal vra na waar ons so 'n Verlosser moet soek. Meer daaroor in die volgende uitgawes van Die Skietlood.